




Zenande se helpende hande

Hierdie boek behoort aan









bookdash.org

Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative volunteers to create new African storybooks that anyone can freely print, translate and distribute. Then we work with partners to give those books to preschool children to own.

To find out more, and to download beautiful, open-licensed, print-ready books, visit bookdash.org.

Zenande se helpende hande

(Zenande's helping hands)

Illustrated by Sibusiso Khumalo

Written by Wendy Shelembe

Designed by Samantha Garvie

Translated by Anita van Zyl

with the help of the Book Dash participants in Durban on 29 October 2022.

ISBN: 978-0-948602-06-1

Typeset in Source Sans Pro and Quicksand

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence
(<http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>).

You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use. No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.



Zenande se helpende hande

Wendy Shelembe
Samantha Garvie
Sibusiso Khumalo








Zenande woon saam met haar
mamma en broer in KwaMashu.

Sy speel graag buite met haar
speelgoed.








Een oggend sê Mamma vir
Zenande sy kan nie buite
gaan speel nie.


Zenande is hartseer.






Sy kyk by die venster uit en
sien bome wat omgeval het,
strate wat onder water is,
huise wat weggespoel het en
karre wat gaan staan het.









Hulle huis is oorstroom,
van die vensters is gebreek
en haar gunstelingboom,
die mangoboom, is weg.





“Wat het gebeur, Mamma?”





“Dit het gisteraand baie
gereën, die wind was woese en
daar was swaar donderweer,”
verduidelik Mamma.




“Sjoe!”
Zenande verstaan nie.
“Beteken dit ons kan nooit ooit
weer buitentoe gaan nie?”





“Nee, my kind,” lag Mamma.

“Dis nou veilig om buitentoe te gaan. Kom ons gaan help vir Gogo Zondi!”









Mamma en Zenande stap oor die
straat na Gogo Zondi toe.

Sy straal van blydskap.





Die bure help reeds vir
Gogo Zondi deur die vloere te
mop en die nat kleres en komberse
buite op die draad te hang.





“Ek het vir Gogo lekkers gebring,”
sê Zenande.

“Jy’s dierbaar, kindjie.”
Gogo Zondi glimlag.





“Ek voel baie beter nou dat
almal hier is om my te help,”
sê Gogo Zondi.

“En ek voel beter omdat ek vir
Gogo help!” sê Zenande met
’n glimlag.







